Die Christelike Vrou

Leef die Liefde | Augustus 2023 | Amptelike mondstuk van die NHSV

Vrouedag

Vrouemaand. Vrouedag. Dit klink goed en positief. Meestal ís dit ook goed en positief. Die bydrae van vroue op vele vlakke van die samelewing word erken en gevier. Vroue word bemoedig en aangemoedig om die beste weergawe van hulself te wees en nie toe te laat dat enigiemand hulle minderwaardig laat voel nie.

Daar is egter ook die ander kant...

Dit is hartseer-ironies dat 'n mens juis in hierdie maand ook (steeds) hoor hoe sleg vroue en dogters behandel word. Ek weet dit klink of ek veralgemeen, maar natuurlik weet ek daar is vroue en dogters wat absoluut op die hande gedra word, soos prinsesse behandel word en net die beste van die lewe kan geniet. Vandag wil ek egter onder andere reflekteer oor die verhale wat my hartseer, moedeloos en bang maak.

Ek lees oor moderne slawehandel, of menseroof soos dit ook genoem word, en ontvoering. Daar is bloedstollende verhale wat 'n mens soms amper nie kan glo regtig met mense gebeur nie. Ja, natuurlik word mans ook slagoffers van hierdie bose praktyk. Bose besigheid eintlik, want gierige en hartelose wesens maak geld uit die pyn en mishandeling van kwesbare mense. Ek lees ons moenie glo dit is net pragtige blonde en jong dogters wat slagoffers word nie – énigiemand kan die prooi word.

Ons weet seker almal van die ma wat tans teregstaan in Nieu-Seeland omdat sy haar drie pragtige dogtertjies vermoor het. Pas is daar berig oor nóg 'n ma wat haar drie kinders vermoor het. So kan 'n mens aangaan en sekerlik vele sulke gruwelverhale opdiep.

Net wanneer jy wonder wat van die wêreld en die mensdom geword het en waarheen ons op pad is, hoor jy egter ook ander verhale:

In Centurion het daar onlangs die soveelste sinkgat verskyn wat van een dag na die volgende al groter geword het. Huise moes ontruim word en inwoners is redelik verwese gelaat – die meeste in elk geval. Een vrou, wat self moes ontruim omdat die sinkgat reg by haar eiendom is, het die saak heel anders as die ander bekyk. Ja, het sy gesê, dit is wel so dat ek moes ontruim en waarskynlik nou baie finansiële skade gaan ly. Tog is dinge soos hierdie (ramp) nodig sodat 'n mens se geloof in en waardering vir jou medemens kan groei. Dit is juis in tye soos hierdie dat mense saamstaan en mekaar uithelp. Dit is juis in die aangesig van die moeilike en uitdagende, dat die krag van en die mooi in mense na vore kom.

As ons dus gewoon na verhale soos laasgenoemde kyk en luister, kan ons beaam: Daar is uiteindelik tóg hoop vir die mens(dom).

As ons gaan luister en beleef wat die Woord van die Here vir ons sê, wéét ons: Daar is Hoop vir die mens – deur die Mens.

Hannelie

Die avontuur van ’n leeftyd

Die avontuur van ’n leeftyd

Susan Janse van Rensburg, NHSV Streekvoorsitter: Dorsland

Foto ter illustrasie

Om 30 jaar van die lewe met dieselfde persoon te deel, is op sigself ’n merkwaardige storie om te vertel. Dit kan seker maklik soos ’n lang en frustrerende reis voel as dit verval in ’n daaglikse roetine van dieselfde aktiwiteite en besigwees, maar ons is nou nog opgewonde en gelukkig om in mekaar se geselskap te wees.

Om ons 30ste huweliksherdenking te vier, het ons ’n toer van 30 dae deur die Caprivi in Namibië onderneem. Alles daar is net anders. Om deel te raak van die omgewing, klimaat, mense en lewensgehalte, was vir ons ’n sensoriese oorbelading.

Ons skrik een oggend wakker van ’n vreesaanjaende geluid! Ons lê doodstil en luister... Ons is albei nou wawyd wakker, maar dis nog baie vroeg. Dis nog nie eens lig buite nie. Toe ons dit die tweede keer hoor en die aarde onder ons voel dreun, sit ons regop. Dis leeus wat brul! Dit klink of hulle net buite ons tent staan, maar ons weet hulle is vér. Dit is ongetwyfeld die Botswana-leeus aan die anderkant van die Chobe-rivier. Ons staan op, gryp ’n baadjie en die verkyker en sluip by die tent uit om te kyk of ons hulle aan die anderkant van die rivier kan sien.

’n Paar dae later hoor ons in die Babwata Nasionale Park die oorweldigende trompetgeskal van meer as 50 olifante net agter die bome waar ons op ’n uitkykplatform sit. Dit is soos ’n konsert van 50 simfonie-orkeste wat saam ’n uitvoering gee. Hoe wonderlik om toeskouers van hierdie konsert te kan wees en dit saam te beleef!

In die nagte lê ons in ons tent en lag lekker vir die gesprekke tussen die seekoeie wat brom, snork en water blaas en maak asof die rivier net aan hulle behoort. Ons maak gesprekke op wat moontlik tussen die diere gesê word. In die huwelik is dit soms nodig om sommer net verspot te wees en saam te lag oor simpel goed.

Soggens as die rooidag breek in die ooste, is die rooi so rooi dat ons in die ysige oggendkoue van binne ’n soelwarm gevoel kry. Ons sit saans op die wal van die rivier en luister na die voëlgeluide. Op die rivier loer ogies van geruislose krokodille wat ons net sien dryf – nooit hoor nie. Elke aand se sonsondergang is so mooi dat ek my binneste met my hoor praat.

Op ’n eiland in die Kavangorivier, wat ons met ’n hangbrug bereik, is die sand so wit dat dit onnatuurlik lyk. Ons loop op die sand en dit is so sag dat ons sonder enige woorde tegelyk ons skoene uittrek en kaalvoet loop om die onbeskryflike sensasie in te neem. Dit is nie altyd nodig om te praat nie. Soms geniet ons net die oomblik. Sulke stilte-oomblikke is ’n kosbare juweel in ’n huwelik.

Ons beleef iets wat ek nie gedink het ons die voorreg sal hê om te sien nie – ’n olifant wat onder die water gaan swem. Ons gaan ry op ’n toeristeboot op die rivier en ons perspektief word aangrypend verander toe ons op die water is, en twee olifante op die wal langs die rivier staan. Die yslike groot olifantbul stap die rivier in, verdwyn onder die water, en kom later uit met waterlelie-stingels gedraai om sy slurp wat hy vir sy maat bring wat nie wil voete natmaak nie. Die toergids skakel die boot af en ons sit vir ’n halfuur lank en verstom ons aan die toneel wat voor ons afspeel.

Een nag slaap ons byna niks. ’n Trop van omtrent 30 bobbejane kry teen

Die avontuur van ’n leeftyd

Vervolg

sononder slaapplek in die bome by ons kampplek. Elke nou en dan skrik ons wakker van die angswekkende ge-BOGGOM van die baasbobbejaan. Dié mannetjie, wat eintlik ’n meneer is, sit in die boom reg bokant die tent waarin ons ingekruip het vir die nag. Ons kom dié nag agter dat bobbejane en mense nie dieselfde tyd op dieselfde plek kan slaap nie. Die bobbejane is net so gefrustreerd soos ons en dit word ’n baie lang nag...

In die Caprivi moet ’n mens voortdurend gereed wees om aan te pas wanneer die luilekker omstandighede van daardie wêreld jou beplanning omverwerp. Net so loop ’n huwelik ook nie altyd volgens plan nie. ’n Deel van die avontuur is om bereid te wees om veranderende omstandighede te aanvaar en daarby aan te pas. Dan kan die ervaring deel word van die groot avontuur van ’n leeftyd.

Dit is belangrik om positief te bly, selfs op plekke waar ons sonder beplanning beland. Ons ry soms op paaie met baie swaar sand en die twee motorspore is diep uitgetrap deur hoë toergidsvoertuie. Ons motor gaan hang op die middelmannetjie en ons moet plat op die grond lê om die sand uit te grou voordat ons verder kan ry. Orals waar ons op ons mae lê en sand uitgrou, is vars spore van reuse-olifante. My adrenalienvlakke styg hoog wanneer ons dit uit die motor waag, maar ons het nie ’n keuse nie. Ek kom baie vinnig agter dat paniek geen situasie kan verbeter nie en dat ’n positiewe ingesteldheid wanneer dinge anders verloop as wat beplan is, ’n nuwe wêreld vol ontdekkings en avonture oopmaak.

Ons bly by een van die kampe wat deur plaaslike entrepreneurs bedryf word. Die vloer van die stort het ’n baie diep holte by die plek waar die water uitloop. Die holte is so groot soos ’n wasskottel vir skottelgoed. Dit is duidelik dat die persoon wat hierdie stort gebou het, eintlik gewoond daaraan is om in ’n skottel te was. Hy ken beslis nie iets soos ’n stort of hoe om dit te gebruik nie. Waarskynlik dieselfde bouer het op ooghoogte van die stort ’n venstergat sonder ’n raam of ruit gemaak.

Ek staan en kyk deur die gat na die vreedsame weiende Letswe-bokke op die uitgestrekte vlakte terwyl die warm water oor my lyf stroom. En dan word my sintuie vir die soveelste keer onverwags oorlaai. Dit is ’n nuwe sensasie: die gevoel van die growwe rou sementvloer onder my voete toe ek uit die stort klim. Dit is so heeltemal anders as die teëlvloere waaraan ons gewoond is. Terwyl ek my staan en afdroog, sê ek vir myself: Hier kan ’n mens weer mens word.

Foto ter illustrasie

Vir elke mens is die belewenis uniek en eiesoortig, maar vir ons was elke ervaring in die Caprivi ’n storie wat vertel kan word en elke moment ’n foto werd.

Wat is dan nou die resep vir twee mense om na 30 jaar steeds opwinding in mekaar se geselskap te ervaar? Daar is nie ’n enkele antwoord op hierdie vraag nie. Die sleutel is dalk die “saam” van alles. Die lekker is om saam te wees, te praat, stil te wees, saam te lag en te huil en saam te sukkel en planne te maak. Die belangrikste is moontlik om gedurig saam te ontdek en te ervaar. Daar is ervarings wat nie oorvertel kan word nie, want dit kan net belewe en gelewe word. Daar is ook die alleenmomente waarvan net ’n geheuefoto geneem word om dit vir altyd te koester. Hierdie ervarings en momente is wat die res van ons reis die avontuur van ’n leeftyd kan maak en die res van ons lewe ’n avontuur.

Die kanselkleed (Deel 7)

Die kanselkleed (Deel 7)

Ds Carel Johann de Bruin

Ermelo-Suid

Die NHKA se Gemeente Ermelo-Suid is gestig op 28 September 1980 as die baba in die ring van Chrissiesmeer, met die kerkgebou te Dr Malanstraat 19, De Bruinpark.

Die Bezuidenhout-egpaar het van 2011 tot 2021 in Ermelo gedien. In die gemeente se 40ste bestaansjaar in 2020 het ds C Johan Bezuidenhout 'n nuwe kanselkleed ontwerp. Die pastoriemoeder, Ronél Bezuidenhout, het die naaldwerk gedoen – alles met die hand. Suiwer linne is gebruik met net regte tou en fraiings vir afronding. Dis 'n kosbare en betekenisvolle nalatenskap van die pastoriepaar.

Ds Bezuidenhout beskryf die simboliek soos volg.

- Agtergrond roomkleur: Die wêreld.
- Koningsblou trappe:
    - Onderste lang een: heilige, algemene, Christelike kerk in die wêreld; en
    - boonste kort een: die betrokke gemeente waarin die lidmate tans is. Kerk en gemeentes is begrond en gebou uit die waarheid van Jesus se kruis en die kruisgebeure.
- Lewensgroen sirkel: Koninkrykskleur, die almag van God waaruit alles en almal voortspruit en wat die kern van lewe is.
- Groot rooi sirkel: Vloei voort uit God se almag en Jesus se kruis – die kleur van die Heilige Gees in die liturgiese jaar. Dit bring die werking van Vader en Seun saam. Dis groot, wat beteken dat God oral en altyd teenwoordig is in die wêreld – in lewens en harte.
- Vier strale in ougoud: Koningskinders, gelowiges. Vertrek smal vanuit die Vader, Seun en Gees en moet die heerlike waarheid in die wêreld verkondig en meer en verder versprei. Daarom word dit wyer. Dit raak nie aan kante nie, want dit is nog nie oral versprei nie. Dit is ons opdrag, verantwoordelikheid en taak totdat Jesus kom.
- Sterker ougoud fraiings bo en onder: Die heerlikheid van die ewige hemelse koninkryk.
- Tou om kruis: Aardsheid en mensheid van Jesus in God se raadsplan en werk.
- Wit blokkie in middel van kruis: Die kruisgebeure was en is vir die hele wêreld. Daarom die middelpunt van die kruis.
- Tou wat daarin kruis: Jesus se woorde: *Ek gee my lewe en al hierdie dinge vir julle.*
- Saam met hierdie kanselkleed gebruik die gemeente verskillende kleure doeke in die verskillende fases van die kerklike jaar.

Die kanselkleed (Deel 7)

Vervolg **Twee verhale**

Wonderboom

Lyk hierdie (huidige) kanselkleed dalk bekend? 'n Paar Algemene Kerkvergaderings is in Wonderboom se kerkgebou gehou en so is dit op foto's wyer bekendgestel in ons Kerk. Afgevaardigdes het vir 'n week op 'n keer heeldag na hierdie kleed gekyk.

Oor hierdie kleed vertel ds Peet Esterhuizen aan Joan F de Beer: Die kanselkleed van Gemeente Wonderboom is steeds die oorspronklike een wat in gebruik geneem is op 14 Junie 1975, toe die nuwe kerkgebou in Marjoramstraat, te Wonderboom-landbouhoewes, Sinoville, Pretoria, ingewy is. Die feit is bevestig deur Nico de Villiers, wat steeds in die gemeente is. Die kleed is geborduur op tapisseriegaas, met die agtergrond in wynrooi wol en die ontwerp en teksvers in wit. Die ontwerp beeld 'n wit duif in vlug uit, met Jesus se woorde *My vrede gee ek julle* geborduur op die uitgespreide vlerke. Vir 48 jaar bied hierdie vers elke Sondag troos aan die kerkgangers. Die NHKA se Gemeente Wonderboom is gestig op 17 September 1967; afgestig van Gemeente Pretoria-Noord. Die nuwe gemeente het vir agt jaar in die skoolsale van die twee naburige laerskole Wonderboom en Stephanus Roos kerk gehou voordat die huidige kerkgebou voltooi is.

Die eerste kanselkleed wat in die skoolsale gebruik is, bestaan ook nog. Op hierdie ou kleed is drie vissies en die Griekse letters ΙΧΘΥΣ. Die Griekse woord vir vis is die woord *ichthus* (uitgespreek "iegthoes"). Deur elkeen van die letters van die woord as beginletters te gebruik, kan 'n mens die volgende sinnetjie in Grieks daarmee maak: (Ι) Iesous (Χ) Christos, (Θ) Theou (Υ) Uios, (Σ) Sooter. Dit beteken: Jesus Christus, God se Seun, die Verlosser. Van die vroegste tye af was 'n vis daarom die simbool van Christus en iemand wat 'n Christen is.

Ds Peet Esterhuizen, leraar van die gemeente van 1989 tot met sy emeritaat in 2022, het gelukkig 'n besondere stukkie geskiedenis van die huidige kanselkleed nagespoor by oom Fred Untiedt, intussen oorlede, wat sedert die stigting van die gemeente lidmaat en ouderling was en baie betrokke was by die kerkbouproses.

Oom Fred het aan ds Peet vertel dat ds Nico Buitenweg, wat toe die leraar van Gemeente Wonderboom was, in sy huis in Pretoria-Noord in sy studeerkamer gesit en werk het toe daar 'n duif op die vensterbank kom sit het. Hy het die duif begin kos gee en die duif het 'n gereelde besoeker geword. Een dag toe die duif van die venster af wegvlieg, het die uitgestrekte vlerke ds Nico blykbaar baie beïndruk, en hy het die duif met die uitgestrekte vlerke gebruik as ontwerp vir die kanselkleed vir die kerkgebou wat reeds in aanbou was. Annet van Vollenstee, vrou van oudl Tewis van Vollenstee, wat ook lid van die boukommissie was, het die duifontwerp soos voorgestel deur ds Nico gebruik in die borduur van die kanselkleed.

Die kanselkleed wat vandag nog gebruik word, is dus sedert 1975 elke Sondag op die kansel en is nog in 'n baie goeie toestand.

Toeligting van teologiestudente

Toeligting van teologiestudente

Mari-lizé Beukes, voorsitter: NHSV Hoofbestuur

Die NHSV se jaarlikse inligtingsessie vir die tweede- tot vyfdejaar teologiestudente het plaasgevind op 26 Julie 2023 tydens die studente se weeklikse sessie vir Toerusting in Kerklike Bediening (TKB) wat elke Woensdag plaasvind by die NHKA se Gemeente Philadelphia.

Kerkeie opleiding word aangebied deur die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) onder leiding van dr André Ungerer, hoof van die HTK. Dr Ungerer maak ruim gebruik van kundige predikante, meestal diegene met doktorsgrade, om studente vir hul latere bediening te help vorm. Daar is tans 'n studentetal van 14, bestaande uit tien vroue en vier mans wat oor die ses jaar versprei is. Die TKB-klasse word deur die BDiv- en MDiv-studente bygewoon. Die sesdejaarstudente doen 'n Honneurs in Teologie wat blootstelling in 'n opleidingsgemeente onder leiding van 'n mentorpredikant behels, asook die bywoning van vyf kontakweke by die Fakulteit Teologie en Religie. Tydens die kontakweke word aspekte vanuit die opleidingsgemeentes bespreek en kry studente geleentheid om hul teologiese en praktiese vaardighede verder te ontwikkel.

Tydens die NHSV se besoek het al die teologiestudente vertel van watter gemeentes hulle afkomstig is en hoe hulle van jongs af die NHSV in die Kerk leer ken het. 'n NHSV geskenkpakkie met NHSV aandenkings is vir hulle opgemaak deur Rozelda Nel van die NHSV kantoor.

Die BDiv1-studente wat vanweë ander klasse nie teenwoordig was nie en die aanlyn aanbieding gekyk het, is Anushke Muller van Witbank, At Hattingh van Gemeente Krugersdorp-Noord, en Tyllin Barnard wat by die PUK studeer en reeds met enkele tweedejaarsvakke besig is. Die BDiv2-student, Lané Truscott, is van Gemeente Swartkop in Centurion afkomstig. Daar is geen BDiv3-studente nie aangesien daar in 2021 geen eerstejaar

Agter vlnr:

Drian Cocheran, Merwe Nel, Christo Pieterse, Peet Bloem en dr André Ungerer

Middel vlnr:

Carien Janeke, Kharla Guest, Zanedrieka de Lange, Tanya Maartens en Mari-lizé Beukes

Voor vlnr:

Lané Truscott en Helga du Plessis

Afwesig:

Annia Engelbrecht-Van Deventer (oorsee vir 'n vriendin se troue)

Toeligting van teologiestudente

Mari-lizé Beukes, voorsitter: NHSV Hoofbestuur

teologiestudente ingeskryf was nie. Merwe Nel is afkomstig van Gemeente Horison Roodepoort en studeer tans aan Hugenotekollege, waarna hy by UP teologie gaan studeer.

Die BDiv4-studente sluit in: Helga du Plessis van Gemeente Sionspoort; Zanedrieka de Lange van Gemeente Noordwestelike Pretoria; Kharla Guest van Gemeente Meyerton-Suid; Carien Janeke van Gemeente Joachim Prinsloo; en Peet Bloem van Gemeente Secunda. Peet is ons oudste student en word later vanjaar 65 jaar oud – 'n merkwaardige voorbeeld!

Die MDiv-studente sluit in: Drian Cocheran van Gemeente Sasolburg; Tanya Maartens van Gemeente Groblersdal; Christo Pieterse van Gemeente Losberg; en Annia Engelbrecht-Van Deventer (afwesig tydens inligtingsessie). Die finalejaar teologiestudent Annami McClintock is tans besig met haar praktiese jaar by Gemeente Midstream.

Die NHSV Hoofbestuur se gesprek met die teologiestudente, wat al vir dekades 'n jaarlikse instelling is, is waargeneem deur mev Mari-lizé Beukes, voorsitter NHSV Hoofbestuur. Die NHSV se dienslewering binne gemeentes en in NHSV streke landwyd is breedvoerig bespreek, asook die nasionale betrokkenheid van die NHSV Hoofbestuur binne en buite die Kerk.

Die NHSV se werksaamhede en prioriteite is beklemtoon. Dit sluit in bejaardesorg, studielenings aan Hervormde studente, en armoedeverligting. Die geestelike toerusting van ons vrouelidmate op gemeentevlak is beklemtoon, asook die jaarlikse streekbyeenkomste sowel as 2023 se NHSV Nasionale Kongres wat plaasgevind het van 23 tot 25 Junie.

Die NHSV se seënwense vergesel al hierdie teologiestudente van ons Kerk tydens hul studiejare en op hul pad vorentoe in die gemeentes van ons Kerk. Die NHSV se dienswerk lê ons na aan die hart, en die NHSV leuse *Wees 'n seën* word beleef tussen vrouelidmate wat 'n dienende teenwoordigheid is in die lewe van die Kerk.

Mari-lizé Beukes, voorsitter: NHSV Hoofbestuur

(met insette van dr André Ungerer, hoof: HTK)



Fondsinsameling vir Rata

Medewerkers aan hierdie uitgawe:
Ds Hannelie Botha (redakteur), ds Carel Johann de Bruin, mev Mari-lizé Beukes, mev Susan Janse van Rensburg, dr André Ungerer
Taalversorging: Tessa Oppermann
Foto's vanaf *www.Pixabay.com* en skrywers. Ander grafika van *www.flaticon.com*
Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na *admin@nhsv.org.za*

www.nhsv.org.za	***Posbus 111, Worcester 6849***	***diechristelikevrou@gmail.com***
diechristelike	***Christelike Vrou***	***082 923 9439***

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van** Die Christelike Vrou **se redaksie of die NHSV nie.